



foto FRANCO CARDINI

# *Blou in die koue*





**BENODIGDHEDE:** Fiesta-vierdraadgaring (50-g-bolle) ongeveer 250 g blou (B) en 50 g wit (W), paar gram rooi (R); bypassende knopies; breinaalde van 3 mm; hekelpen van 3 mm.

**MATE:** Om baba van 6 maande tot 'n jaar te pas.

**SPANNING:** 28 steke en 36 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs deurgaans); rs - reksteek (= elke ry regs); rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs deurgaans); tes - tesame; herh - herhaal; alt - alternatiewe; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor.

### SKOUERBROEKIE

**AGTERPANT: Eerste broekspyp:** Stel 36 steke met blou op en brei reksteek soos volg: 2 rye blou, 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit.

Slaan oor na koussteek, behalwe die eerste en laaste 2 steke, wat deurgaans regs gebrei word.

Brei voort tot werk 22 cm lank is vanaf begin, en plaas steke op 'n reserwenaald. Brei tweede broekspyp op dieselfde manier tot dit ook 22 cm lank is.

**Kruisinsetsel:** Plaas nou al die steke op een breinaald, maar stel 5 steke op tussen die twee stelle steke vir kruisinsetsel. Brei voort in koussteek oor al die steke, maar verminder 1 steek aan weerskante van die 5 kruisinsetselsteke.

Brei voort tot werk 39 cm lank is.

Slaan oor na riffelsteek en brei nog 3,5 cm.

Brei nog 2 rye koussteek (werk is nou 43 cm lank).

**Borsstukvorming: Vlg ry:** r3, grtgo, r2, grtgo; brei tot laaste 9 steke, r2tes, r2, r2tes, r3. Brei eerste en laaste 3 steke deurgaans reksteek en herhaal vermindering nog 5 keer in volgende regsrye. Wanneer werk 11 cm lank is vanaf riffelstuk by middelstjie, moet nog 3 cm reksteek gebrei word. Heg in volgende ry af.

**VOORPANT:** Soos agterpant, maar brei die skipmotief met rooi en wit in en begin in derde ry bokant riffelstuk.

Brei middelste 10 steke met rooi en vermeerder aantal rooi steke met een steek aan elke kant tot daar 22 rooi steke by 7e motiefry is. Raadpleeg diagram om motief verder in te brei.

**AFWERKING:** Werk sy- en binnebeennate toe. Draai 'n koord wat om middelstjie sal pas, en twee korter koordjies vir broekspype.

**SKOUERBANDJIE:** (Brei twee.) Stel 40 steke op en brei reksteek soos volg: 2 rye blou, 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit en 2 rye blou.

Brei 'n knoopsgat waar nodig in bandjie, om dit aan voorpant te kan vasknoop. Hekel laastens een ry kortbeen van links na regs om borsstuk. Werk skouerbandjies in posisie aan agterpant vas, en knope aan voorpant.

### TRUITJIE

**AGTERPANT:** Stel 60 steke met wit op en brei 20 rye riffelsteek. Slaan oor na koussteek en brei voort met wit tot werk 13 cm

lank is vanaf begin.

Begin puntige patroon wat oor 12 steke en 12 rye gebrei word, soos volg:

**1e ry:** (1B, 11W) 5 keer.

**2e en elke aw-ry:** Brei steke soos hulle voorkom.

**3e ry:** (1W, 1B, 9W, 1B) 5 keer.

**5e ry:** (1B, 1W, 1B, 7W, 1B, 1W) 5 keer.

**7e ry:** (1W, 1B, 1W, 1B, 5W, 1B, 1W, 1B) 5 keer.

**9e ry:** (1B, 1W, 1B, 1W, 1B, 3W, 1B, 1W, 1B, 1W) 5 keer.

**11e ry:** (1W, 1B) tot einde.

**12e ry:** Soos 2e ry.

Brei voort met blou, maar verdeel steke in twee vir halsopening en brei dan voort op eerste 30 steke.

**Raglanvorming:** Verminder 1 steek aan begin van elke alternatiewe ry tot 14 steke oorbly en plaas dié steke op 'n stekehouer.

Heg garing aan binnerand van oorblywende steke vas en verminder 1 steek aan einde van elke alternatiewe ry tot 14 steke oorbly. Plaas dié steke ook op 'n stekehouer.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot raglanvorming.

**Raglanvorming:** Verminder 1 steek aan weerskante van elke alternatiewe ry tot 36 steke oorbly na 'n aweregsry.

**Halsvorming:** Plaas middelste 12 steke op 'n stekehouer, \* brei voort, hou aan met raglanvorming en verminder 1 steek aan halsrand in volgende 7 rye. Heg laaste steek af.

Heg garing aan binnerand van tweede stel skouersteke vas en herhaal van \* tot \*.

**MOUE (2):** Stel 38 steke met wit op en brei 20 rye riffelsteek. Brei voort in koussteek, maar vermeerder 1 steek aan weerskante van elke 10e ry daarna, 5 keer. Brei 2 rye oor 48 steke.

Brei nou die puntige patroon van 1e tot 12e ry.

**Raglanvorming:** Verminder 1 steek aan weerskante van elke alternatiewe ry tot 16 steke oorbly, eindig na 'n regsry.

**Vlg ry:** (aw2tes) 8 keer, plaas oorblywende 8 steke op 'n stekehouer.

**AFWERKING:** Werk raglannate toe. Tel 80 steke uit halsrand op met blou, en brei 2 rye riffelsteek met blou, 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit, 2 rye blou en heg in riffelsteek af.

Werk 'n knoop aan halsrand vas en werk sy- en mounate toe. Maak 'n knoopsgat in halsrand teenoor knoop.

### STEWELTJIES

**AANWYSINGS:** Stel 56 steke op met blou en brei 8 rye koussteek, dan 1 ry reksteek.

Slaan oor na koussteek en brei nog 3 rye.

Brei dan strepe van 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit, 2 rye blou. Brei daarna voort op die 12 middelste steke, maar \* brei deurgaans die laaste steek saam met een steek van dié wat op reserwenaalde oorbly\*, tot 8 rye na laaste wit ry voltooi is. Brei dan van \* tot \* 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit, 6 rye blou. Brei nou 2 rye koussteek oor al die steke.

**Vlg (gaatjies) ry:** (r2tes, m1, r2) tot einde.

Brei 1,5 cm reksteek, 3,5 cm omgekeerde koussteek, een ry reksteek en 3,5 cm omgekeerde koussteek en heg af.

**AFWERKING:** Werk nate van stewartjies toe. Vou 3,5 cm na binne om en werk rand aan binnekant vas. Hekel 'n koordjie en ryg deur gaatjies, soos op foto.

### DIAGRAM VIR SKOUERBROEK

